# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
## *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

**OCTOBER / NOVEMBER**
***OKTOBER / NOVEMBER***

**2004**

## AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL

**(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Opsomming, Kommunikatiewe Taalgebruik in Konteks en Taalversorging)**

SG **101-2/1**

**14 bladsye**

AFRIKAANS EERSTE TAAL SG: Vraestel 1

101 2 1 SG

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL SG**
**(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Opsomming, Kommunikatiewe Taalgebruik in Konteks en Taalversorging)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 75**

---

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Nommer al jou antwoorde in die middel van die bladsy en presies soos op die vraestel.
- Werk NETJIES.
- BESIN en BEPLAN deeglik vooraf en benut die volle tydsduur van die vraestel.

---

## AFDELING A
## LEESBEGRIP

### VRAAG 1

- Jy het die afgelope jaar kennis gemaak met verskillende tipes nie-literêre tekste.
- Bestudeer die volgende leestekste in hierdie afdeling noukeurig en beantwoord die vrae wat daaroor handel.
- Nommer die vrae vir die afdeling in die middel van die bladsy en laat reëls oop tussen die antwoorde.

**Buig die boompie...**
Simona Sharp

1. Ne-e-eeee! Kreukel die kleuter se gesig in 'n plooi van eiesinnige hardkoppigheid. Met 'n ongeduldige handjie reik hy na 'n blikkie op die winkelrak terwyl ma tevergeefs spook om hom daar weg te hou.

2. Enige kind het seker die vermoë om 'n mens se geduld te beproef, maar dan kry 'n mens ook moeilike kinders wat sommer met die verkeerde voet uit die baarmoeder geglip het. Hoe dit ook al sy, sommige kindertjies het eenvoudig die gawe om die nare ou geel heks in my wakker te maak.

3. Soos die enetjie wat nou die dag saam met haar mamma iets by ons aan huise moes kom haal.

4. In my romantiese verbeelding het ek my 'n dogtertjie nog altyd voorgestel as 'n perske-bloeiseltjie met twee krullerige poniesterte, 'n skoongewaste gesig, rosige wangetjies en 'n minsame glimlaggie. 'n Ou patroontjie wat vir jou in 'n vet vuisie blommetjies uit die tuin sal bring of na zoo-koekies en *No more tangles* ruik wanneer sy jou met 'n drukkie verras.

5. Die monstertjie wat soos 'n vuurpyl by haar ma verbygeskiet het toe ek die voordeur oopmaak, was genoeg om Godzilla die skrik op die lyf te jaag. Sy het die sonstraaltjie in my verbeelding met 'n robuuste voorarm in 'n modderpoel van realiteit gestamp. Voor ek kon sê "Griet" het sy soos 'n blits die huis verken; die een Spanjoel aan die oor gepluk en die kleiner, versigtiger een bewend van angs onder die gastekamer se bed laat verdwyn. Van die poging tot 'n gesprek wat ek en haar ma in die tyd gevoer het, onthou ek nie 'n enkele woord nie.

6. Haar ma moes die wisselende uitdrukking van angstigheid en afgryse op my gesig gelees het, want hulle is kort daarna weg onder protesterende gegil wat tevergeefs gelawe is met 'n "Ag toe, my liefie luister nou vir mamma..."

7. Dalk het ek steeds 'n broertjie dood aan stout, verwende bloedjies omdat ons as kinders die dood voor die oë gesweer is oor slegte gedrag wanneer ons gaan kuier het.

8. By nabetragting het ek besef dat dit eintlik die ouers is wat my bloed laat kook. Baie ouers is skuldig aan 'n stewige dosis ruggraatlose onverskilligheid wat hulle kinders se dissipline betref. Dalk het die neiging dat ouers iets beter vir hul kroos wil hê as dit wat hulle self as kinders te beurt geval het, iets hiermee te doen. Maar die beter wat ons vir ons kinders begeer, word soms in so 'n mate in die oortreffende trap aangebied dat dit heeltemal oorgekompenseer word.

9. Dikwels met die tragiese gevolge dat kinders noodsaaklike deugde soos hoflikheid, gehoorsaamheid en respek na die nuttelose praktyke van 'n uitgesterfte samelewing te laat lyk.

10. Want dit is een ding om 'n eiesinnige vyfjarige weer op die regte pad te help, maar 'n perd van 'n ander kleur om 'n arrogante tiener, wat oortuig is dat hy die wêreld se kennis in pag het, te oortuig dat hy by beter menseverhoudinge kan baat vind.

(Uit: ***Landbouweekblad,*** 21 Februarie 2003)

1.1 Voltooi die spreekwoord: **Buig die boompie**... in die opskrif. (1)

1.2 **...met die verkeerde voet uit die baarmoeder...** (par.2) is 'n vervorming van 'n bekende spreekwoord. Van watter spreekwoord is dit afgelei? (1)

1.3 Lees weer paragrawe 4-5. Op watter manier het die dogtertjie die skrywer se mening ten opsigte van dogtertjies verander? (1)

1.4 Word die **monstertjie** in par.4 letterlik of figuurlik bedoel? (1)

1.5 Waarom kan die skrywer byna niks van haar gesprek met die moeder onthou nie (par.5)? (1)

1.6 Noem TWEE dinge wat die dogtertjie gedoen het om die dame kwaad te maak. (2)

1.7 Waarom is dit juis die ouers wat die skrywer se bloed laat kook? (1)

1.8 Watter nadelige uitwerking het dit wanneer ouers hul kinders te veel wil gee? (1)

1.9 Noem TWEE van die deugde wat deesdae by kinders in die slag bly. (2)

1.10 Verklaar die volgende frase in jou eie woorde:

**...die wêreld se kennis in pag het...** (par.10). (1)
**[12]**

# 084 124

## Onthou hierdie nommer.

1. Ongeveer 10 000 mense sterf elke jaar op Suid-Afrikaanse paaie en baie meer word vir traumaverwante beserings behandel.

2. Die eerste uur na 'n mediese noodgeval is uiters kritiek – die sorg wat 'n persoon binne hierdie "goue uur" ontvang, het meer inwerking op oorlewing en langtermyn omvang van beserings as enige ander stadium van versorging. Skakel ER24 by 084 124 en maak seker jy kry noodhulp, blitsvinnig.


3. ER 24 is 'n nasionale 24-uur mediese noodgevalle reaksie maatskappy. Hulle sal onmiddellik reageer op enige mediese noodgeval deur topgehalte mediese noodhulp te stuur om jou by te staan. Afhangend van die aard van die noodgeval, sal 'n mediese noodvoertuig, ambulans, helikopter of vliegtuig uitgestuur word (waarvan algar beman word deur toepaslik gekwalifiseerde en ervare noodgevalle praktisyns, paramedisi of dokters).

4. Ander voordele wat deur ER 24 aangebied word, sluit in:
   - Toepaslike lewensreddingsbystand by die toneel van 'n mediese noodgeval.
   - Die persoon / persone word gestabiliseer voordat hulle na die naaste geskikte mediese fasiliteit oorgeplaas word.
   - Toegang tot wêreldklas mediese fasiliteite 24-uur per dag – insluitend selfstandige Noodgevalle Sorgeenhede.
   - 'n Mediese Dokter teenwoordig by die mediese skakelsentrum 24-uur per dag, sewe dae per week.
   - 'n Hulp-blitslyn, insluitend verwysing na Krisislyne vir berading ten behoewe van verkragting, kindermishandeling en ontvalling asook Life Line.

5. Dus, waar jy ookal in Suid-Afrika mag wees, skakel 084 124 vir die beste gehalte mediese nooddiens.

Vir volledige inligting, besoek www.er24.co.za

EMERGENCY MEDICAL CARE
ER24
hulp vinnig



(Uit: ***Huisgenoot***, 12 Desember 2002)

1.11 Waarom word die eerste uur na 'n mediese noodgeval die **goue uur** (par. 2) genoem? (1)

1.12 ER 24 is slegs op sekere plekke beskikbaar.

1.12.1 Is bostaande stelling waar of onwaar? (1)

1.12.2 Motiveer jou antwoord deur slegs EEN woord uit par.3 aan te haal. (1)

1.13 Hoe kan jy deur die nommer van ER te onthou, 'n lewe red? Antwoord in EEN volsin. (1)

1.14 Watter woord in par.3 dui aan dat die noodhulppersoneel oor genoegsame kennis beskik? (1)

1.15 Wat verstaan jy met die frase: ... **topgehalte mediese noodhulp...** (par. 3) (1)

**[6]**




(Uit: ***Beeld***, 11 Maart 2003)

1.16 Kyk na dokter Manto se lyftaal.
Hoe weerspreek haar lyftaal die woorde op haar oorjas? Noem TWEE feite. (2)

1.17 Die karakter/figuur in die regterkantste hoek sê sy kort leiding.
Waarom sal sy **leiding** en nie **lyding** kort nie? (1)

1.18 Die leiding wat dr. Manto gevolg het, is skerp veroordeel. Watter woord in die spotprent sê dat sy van die verkeerde persoon raad aanvaar het? (1)

1.19 Wat word die mediese instrument om dr. Manto se nek genoem? (1)

1.20 Skryf die afkorting **MIV** vol uit. (1)

1.21 Die afkorting **dr**. word in die mediese professie gebruik.
Waarvoor staan die afkorting? (1)

**[7]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [25]**

## AFDELING B
## OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die onderstaande rubriek deur en beantwoord dan die vrae wat daaroor gestel is.

**LET WEL**:

- Alle opdragte moet in volsinne uitgevoer word.
- Punte sal afgetrek word vir lengte-oorskryding.
- Meld na elke vraag die aantal woorde wat jy gebruik het.
- Begin elke sin op 'n nuwe reël.

**EK IS GROOTGEMAAK OM TE GLO WAT EK VAN MYSELF DINK IS BELANGRIKER AS WAT ANDER MENSE VAN MY DINK**
**– Anwar El-Sadat**

# 'n Swak selfbeeld

**die tieners dink so**

**LOUISE** 'Ek is in 'n meisieskool en gewig is vir ons 'n groot kwessie. Al die meisies begin in graad 10 dieet, en in graad 11 is omtrent almal anorekties.'

**ALLY** 'By meisies gaan alles oor gewig. Een van my vriendinne het anoreksia.'

**MEGAN** 'Almal wil lyk soos die mense op TV. Alles is so perfek gedokter met tegnologie, dis nie werklik nie. Die musieksterre het die grootste invloed, want daar's meer van hul persoonlikheid in hul musiek. Akteurs is maar net die rol wat hulle speel. Dis nie maklik om jou met hulle te vereenselwig nie want jy sien nie regtig wie hulle is nie.'

**OZ** 'Die ouens wil almal spiere bou. Hulle gaan gim toe en tel gewigte op.'

**so hanteer die ouers dit**

**DEBBIE** 'My dogter het die meeste selfbeeldprobleme. Een seun hoef net een sin te sê, en 16 jaar se harde werk aan haar selfbeeld lê aan skerwe. Sy weet ek sal haar nie laat uitgaan as sy simpel lyk nie, so as iets haar nie pas nie, sê ek so.'

**VIKI** 'My seun het kwaai aknee gehad toe hy 15 was en hy't teruggetrokke geraak. Ek het niks gesê nie en net behandeling gekry om dit te laat opklaar. Maar moes hom ook leer om sy vel te versorg. Toe hy bewys het dat hy verantwoordelik genoeg is om dit te doen, het ek vir hom medisyne gekry.'

**ANNE** 'Selfbeeldprobleme is erg, maar ek probeer my kinders prakties help – twee van hulle het byvoorbeeld velbehandeling gekry.'

**wat sê die kenners?**

Dr. Collins beveel aan dat jy praktiese hulp en raad aanbied. 'As jou kind 'n velprobleem het, kry die nodige behandeling. As jou kind oorgewig is, help hom deur gesonde kos in die huis aan te hou, ens. Maar moenie kwaad raak as hy nie sy vel versorg nie, of aanhou om sjokolade te eet. nie.' sê sy. 'Hulle moet self ook verantwoordelikheid aanvaar. Dis moeilik, en jy gaan baie drama hê met jou tieners. Onthou net dat dit wel verbygaan.'

(Uit: ***dit***, April 2003)

2.1 Tieners het uiteenlopende idees omtrent wat belangrik is ten opsigte van hul selfbeeld.

- Vat hulle siening saam in TWEE volsinne van **nie meer as 25 woorde nie**.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik tussen hakies aan die einde neer. (6)

b.o.

2.2 Met watter probleme moet ouers hulle tieners help ten opsigte van hul selfbeeld?

- Skryf jou antwoord in EEN volsin van **nie meer as 10 woorde nie**.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het tussen hakies aan die einde neer. (2)

2.3 Waarteen waarsku die kenners ouers?

- Vat jou antwoord saam in EEN volsin van **nie meer as 8 woorde nie**.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik tussen hakies aan die einde neer. (2)

**[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [10]**

## AFDELING C
## KOMMUNIKATIEWE TAALGEBRUIK IN KONTEKS

### VRAAG 3

Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae wat na aanleiding daarvan gevra word.




(Uit: ***Beeld***, 15 Maart 2003)

3.1 Verbeter die spelling van die woord **kopperaal** in die spraakborrel. (1)

3.2 Watter woord wys daarop dat die fout wat die bestuurder gemaak het, nie die eerste fout is wat hy begaan het nie? (1)

3.3 Voltooi die volgende sin sinvol:
Padoortreders is mense wat ____________________. (1)

3.4 Skryf **'k sjê** oor in formele / saaklike Afrikaans. (1)

3.5 Wat bedoel die muis met **hy't nogal 'n punt beet**? (1)

**b.o.**

3.6 Van watter TWEE woorde is die woord **hy't** 'n samestelling? (1)

3.7 Gee 'n meer aanvaarbare woord vir **paartie**. (1)

3.8 Skryf die woorde van die bestuurder, **Het ek nog genoeg punte**? oor, maar begin met: **Die bestuurder vra of** _________. (1)

3.9 Herskryf die volgende sin **Bestuurders begin met 12 punte** maar voeg 'n **NIE** by. (1)

3.10 Wanneer iemand nie die reëls oortree nie, ______________ hy dit. Gee EEN woord om die sin sinvol te voltooi. (1)

3.11 'n Klein **kopperaal** is 'n ________________. (1)

**[11]**

## Kapingsyfers

Misdaad het al so deel van Suid-Afrika geword dat mense in 'n groef van aanvaarding geval het.

Een moontlike rede hiervoor is omdat die owerhede doelbewus nie statistieke op 'n gereelde basis bekend maak nie. 'n Geval van uit die oog uit die hart.

Nuwe nie-amptelike polisiestatistieke dui daarop dat kapings in 2001 landwyd toegeneem het.

Daar is sedert die begin van 2003 reeds 1 302 motors gekaap teenoor die 14 363 in 2002 en die 14 033 in 2001.

Die polisie weier om amptelike misdaadstatistieke beskikbaar te stel totdat die minister van veiligheid en sekuriteit die syfers later vanjaar bekend maak.

Hierdie tipe statistieke behoort feitlik daagliks in die gesig van almal gegooi te word.

Voortdurende inligting sal die polisie se bewustheidsvlakke hieroor hoog hou en gemeenskapsorganisasies en gewone lede van die publiek paraat hou.

(Uit: ***Beeld***, 14 Februarie 2003)

3.12 Word **in 'n groef val** (r.2) letterlik of figuurlik bedoel?. (1)

3.13 Gee die afkorting vir **Suid-Afrika** (r.1). (1)

3.14 Skryf die getal **14 033** (r.10) in woorde. (1)

3.15 Die (**publiek**) organisasies (r.20) moet paraat gehou word. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.16 **Statistieke** (r.4) wat elke dag verskyn word daaglikse statistiek genoem. Wat sal 'n mens statistiek noem wat elke jaar verskyn? (1)

**b.o.**

3.17 Gee 'n woord met die teenoorgestelde betekenis vir **nuwe** (r.7). (1)

3.18 Daar vind 'n reeks klein (**kapings**) plaas (r.8). Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.19 Herskryf sin 1, begin jou antwoord met: Aangesien ____________________. (1)

3.20 Verklaar die uitdrukking **... uit die oog uit die hart**. (r.5-6) in jou eie woorde. (1)

## ONS WAG OP DIE PRENTJIE

Deon Meyer

**Daar is nog minstens een seker manier om 'n internet-miljardêr te word – ontwikkel 'n metode om digitale lêers saam te pers tot net 'n honderdste van die oorspronklike grootte.**

Hier lê die wêreldwye web se Achilleshiel: Wanneer dit by foto's, klank of flieke van hoë gehalte kom, is die aflaaispoed só skrikwekkend stadig weens die grootte van dié soort elektroniese lêers dat dit gewone sterflinge stapelgek maak van pure ongeduld.

Kompaktering of krimping, het al ver gevorder sedert die ontstaan van die internet. Vir grafika is die jpeg- en gif-standaarde ontwikkel, vir klank die mp3 en vir video die mpeg. Maar nie een van dié maniere van krimping is goed genoeg om 'n reuse verskil aan die bielie-lêers te maak nie, terwyl gehalte telkens ingeboet word.

Kenners meen dit is onmoontlik om op die huidige tegnologie te verbeter. Om die waarheid te sê, sommige, soos Forrester se Eric Scheirer en Robert Brostow-Johnson, 'n vooraanstaande digitale klankingenieur, meen dit is WWW-ekwivalent van die motorbedryf se waterstofenjin of die energiebedryf se kragopwekking deur koue fusie. Met ander woorde, dis 'n mite, 'n droom, 'n onmoontlikheid.

**WAT IS OP MY HARDESKYF**

Jakkie Louw, Afrikaanse musikant wat pas sy eerste CD bekend gestel het:

"Ek gebruik my pa se rekenaar by die huis, want ek het nie geld vir my eie nie. Dit sou my lewe omtrent moeilik gemaak het as ek nié 'n rekenaar tot my beskikking gehad het nie. Ek gebruik dit veral vir die stuur van fakse, omdat kontrakte baie belangrik is in my lewe. Al my "gesprekke", of dit nou is om *gigs* by feeste te organiseer, my CD, *Makietie*!, te bemark, of om raad by ander musikante soos Koos Kombuis te vra, is deur die rekenaar, of eintlik deur e-pos en fakse.

"Ek gebruik Word om my digbundels te publiseer en persvrystellings te skryf, en 'n skandeerder om my voorleggings vir borgskappe af te rond.

"En ek speel dikwels Solitaire of ander kaartspeletjies vir die senuwees terwyl ek *deals* beklink oor die telefoon – gelukkig klik die muis baie sag!

(Uit: ***Insig***, Mei 2002)

3.21 Wat beteken **miljardêr** in die lokparagraaf? (1)

3.22 Gee EEN woord met die teenoorgestelde betekenis van **hoë** (r.3). (Nie laag nie!). (1)

3.23 Gee 'n woord met min of meer dieselfde betekenis as **bielie** (r.14). (1)

3.24 Skryf Jakkie se woorde: **Ek gebruik my pa se rekenaar by die huis, want ek het nie geld vir my eie nie** (r.25-26) oor. Begin jou antwoord met: **Jakkie sê dat hy** ______________. (3)

3.25 Gee die Afrikaanse woord vir **CD** (r.35). (1)

3.26 Herskryf die volgende woorde van Jakkie: **Ek speel dikwels Solitaire of ander kaartspeletjies** (r.45) oor. Begin jou antwoord met **Solitaire en** _______. (1)

3.27 Waarna verwys die woord **muis** in r. 49? (1)

3.28 Wat is die betekenis van on- in **onmoontlik** (r.16)? (1)
**[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [30]**

**b.o.**

## AFDELING D
## TAALVERSORGING

### VRAAG 4

In hierdie afdeling moet jy die taalfoute korrigeer.
Lees die onderstaande teks om die vrae te beantwoord.

# Getoor, getwarra met woorde

Almal, maar almal het opgetrek vir 'n nag van poësie, voorlesings, musiek, kuier en klets in die tradisie van soortgelyke Europese woordfeeste wat verlede maand op stellenbosch gehou is. Dit was nie net 'n fees van woorde nie; dit was veel veel meer, skryf **IRNA VAN ZYL**.

Ken djy 'n Bos van Elsies ? Nog nooit van hom gehoor nie?! Dis wat djulle almal sê in Holland. Dis jou nasate, Stef!" En daarmee kap Soli Philander vir Stef Bos skoon stil, Stef in sy mooi Europees-gesnyde swart armystyl-broek, pas van verhoog af in die Libertas-teater op stellenbosch en nou hier kort voor twaalf uur by wat hy seker gedink het 'n besadigde woordfees vol romantiese gedigte moet wees.

Die H.B.Thom-teater sit volgepak, sowat 75% van die toe-skouers is 'n raps oor die twintig of jonger. Hulle het pas geluister na Philip de Vos (Juffrou Sarel van Breda / wens 'n man wil haar kom pla / sy weet alreeds wat sy gaan sê / en dis ja), Marlene van Niekerk wat voorlees uit *Die vrou wie haar verkyker vergeet het*, en Clinton du Plessis uit sy ongepubliseerde kortverhale *Steaks, eggs en tjips en coke*.

Maar terug by Stef en die romantiek. Hy herstel van die Soli bombardement met 'n "wie is jy nou eintlik?" op sy sagte, geronde Hollandse manier van praat. Die gehoor brul van onderstening. Stef Bos word aan die siel gedruk. En ek verwonder my dat 'n Hollander so in die siel van 'n Afrikaanse gehoor kan inkruip.

Die insig/MTN- Woordfees het om seweuur die aand begin met die eerste van drie sessies: Sprokkelster. (Ek sprokkel nog maar nie na die sterre toe nie , het Marlene gesê toe sy haar voorlesing begin met verwysing na haar debuutbundel met dieselfde naam waarvoor sy die Eugene Marais-prys gewen het.)

Wat het ons ervaar? Ons het geëet, gekuier, gesels, gelag, musiek geluister. Digters gehoor, nuwe skrywers, voorlesings uit nuwe boeke. Te veel om op te noem. Daar was nog Susan Samuel, M.C. Botha, Abraham H. de Vries, Loit Sol,Daniel Hugo, Henning Pieterse , Gerrit Komrij en steeds is dit het einde niet. Buite in die opelig het Soli om twaalfuur *geperform* dat die spoeg so spat en voor hom was dit Petra Muller en die Rieldansers en die Vrolike Vonkies. Dan was daar die Bekgeveg om eenuur. Etienne van Heerden en Joan Hambridge in die vroegoggend.

Dit was 'n jol. En dit was lekker. En as jy nie daar was nie, kan jy maar nou al jou plekkie vir volgende jaar bespreek. Alle eer aan die organiseerder, Dorothea van Zyl, en die departement van Afrikaans en Nederlands en van drama aan US.

(Verwerk uit: ***Insig***, Mei 2000)

4.1 Vervang die volgende Engelse woorde met die korrekte Afrikaanse weergawes:

4.1.1 army-styl (r.4) (1)
4.1.2 geperform (r.30) (1)

4.2 'n KOMMA ontbreek in r.21 – r.24. Skryf die woord voor en na die komma neer. (1)

4.3 In reël 5 is 'n fout ten opsigte van die vasskryf van 'n woord begaan. Skryf die fout korrek oor. (1)

4.4 'n HOOFLETTERFOUT is êrens (r.3 – r.6) begaan. Korrigeer dit. (1)

4.5 In r.12 is 'n verkeerde woordkeuse gemaak. Skryf die korrekte woord neer. (1)

4.6 In r.10-14 is een **EN** oorbodig. Skryf dié frase oor en laat die oorbodige **EN** weg. (1)

4.7 Die spreekwoord in r.15-19 is verkeerd. Die skrywer verwys na die verkeerde orgaan. Skryf die korrekte spreekwoord neer. (1)

4.8 TWEE spelfoute kom in die teks voor. Skryf die woorde korrek oor.

4.8.1 reël 15-19 (1)
4.8.2 reël 27-30 (1)
**[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING D: [10]**

**TOTAAL: 75**

**EINDE**